# Groot staatmakers oorhandig die Rietstokke

Rietvallei se AJV was langs die kalmerende rivier by 3 Berge gehou op 11 Augustus 2007. Dit was ook die laaste Jaarvergadering waar Johann Grobler en Margriet van der Berg opgetree het in hul hoedanigheid as Voorsitter en Sekretaresse onderskeidelik. Die Rietvallei streek wens hul rustige en luilekker kampe in die toekoms.




Johann Grobler
Eerste Voorsitter van Streek Rietvallei

Johann is 'n Sawanant sedert Augustus 1983, toe hy by Streek Wes-Rand aangesluit het. In 1985 is hy na Streek Pretoria. Hier het Johann se ondervinding met afstigtings begin toe hy op die reëlingskomitee saam met Niekie Bosman en Herman Du Plessis was vir die afstigting van Wapadrand wat in 1988 plaasgevind het.
Sedertdien het Johann aan en af op die Wapadrand bestuur gedien as penningmeester en voorsitter.
In September 2004 tree hy uit die bestuur van Wapadrand en kon nie lank stilsit nie, want reeds in Desember 2004 word daar gesels oor die stigting van 'n nuwe streek - Rietvallei.
Johann het 'n reëlingskomitee bymekaar gekry, hyself, Wim en Margriet van den Berg en Klaus en Anet Lubbert. In Junie 2005 is hy aangewys as die voorsitter vir die interim bestuur en in Mei 2006, met die afstigting van Rietvallei, word hy dan verkies tot die Voorsitter van die nuwe baba streek tot uittrede in Augustus 2007.
'n Hoogtepunt in sy kamplewe was die Mampoer Toer in April 1990 en dit is vir hom lekker om deel te wees van die kamp aktiwiteite en geniet die saamkuier met 'n tjoppie op die vuur. Tydens die pas afgelope kongres was Johann vereer met 'n **Nasionale Ere Toekening**. Wel gedaan Johann jy verdien dit!

Margriet, 'n welbekende in die SAWA geledere sedert Januarie 1987, toe sy en Wim by Pretoria Streek aangesluit het, is sedert November 1987 al betrokke op streeksbestuursvlak as sekretaresse.
In Julie 1988 sit sy haar diens voort op die nuut afgestigte Wapadrandbestuur waarop sy gedien het tot September 2002. Dit het egter nie hier gestop nie; in Januarie 2005 is sy deel van die reëlingskomitee vir Rietvallei en in Junie 2005, die sekretaresse vir die interim bestuur. Mei 2006 is sy dan ook verkies tot dié amp op die nuutgestigte Rietvallei streek. Sy beluit egter om in Augustus 2007 uit te tree.
Margriet sê dat sy hierdie jare baie geniet het veral om elke nuwe lid wat aangesluit het te leer ken en altyd betrokke te wees by al die lede. Hoogtepunte was natuurlik om betrokke te kon wees by die stigting van 2 nuwe streke nl. Wapadrand en Rietvallei en al die toere wat hulle oor die jare gedoen het. Die lekkerste was egter toe haar kinders self volwaardige SAWA lede geword het.
Dankie Margriet vir wat jy nie net vir Rietvallei beteken het nie, maar ook vir SAWA oor die jare. Tydens die pas afgelope kongres was Margriet en Wim vereer met 'n **Nasionale Meriete Toekening**. Baie geluk julle twee staatmakers ons is trots op julle.




Margriet van den Berg
Eerste Sekretaresse van Streek Rietvallei